Redakteur beaam aantygings oor plagiaat

'Fit to Govern' vroeër al in omstredenheid gedompel

GERRIT BRAND

DIE persoon wat die boek *Fit to Govern – The Native Intelligence of Thabo Mbeki* geredigeer het, meen dat aantygings van plagiaat teen die skrywer, Ronald Suresh Roberts, "waarskynlik waar" is.

"Ek is nie 'n plagiaatjagter nie, maar dit lyk beslis na plagiaat vir my," het James Sanders telefonies uit Birmingham, Engeland, aan *Die Burger* gesê.

Sanders, 'n historikus wat navorsing vir Anthony Sampson se *Nelson Mandela – The Authorised Biography* gedoen en self die boek *Apartheid's Friends – The Rise and Fall of South Africa's Secret Service* geskryf het, baseer sy uitlating op die getuienis wat verskaf word in Anthony Brink se *Lying and Thieving* – spesifiek die 17 voorbeelde daaruit wat in detail deur James Myburgh op sy blog, Politicsweb, bespreek word.

Volgens Sanders beteken plagiaat "om iemand anders se werk te neem en as jou eie uit te gee".

"Dit sluit in gekopieerde aanhalings en sleutelpunte."

Die meeste van die voorbeelde van vermeende plagiaat wat Brink en Myburgh gee, betref juis aanhalings wat in Brink se werk voorkom en oënskynlik onveranderd, maar sonder erkenning, deur Roberts gereproduseer is – tot op die tekssnitte en ellipse toe. Myburgh wys selfs op transkripsiefoute wat deur Brink gemaak is en ook in Roberts se aanhalings voorkom.

Een voorbeeld is 'n aanhaling uit die Sondagkoerant *Rapport* waarvan die Engelse vertaling in Roberts se boek woordeliks ooreenstem met dié in Brink se *Just Say Yes, Mr President* – sonder erkenning aan Brink.

Dié voorbeeld is, saam met nog meer as 40 ander uit Brink se *Lying and Thieving*, reeds op 9 November per e-pos vir kommentaar aan Roberts voorgelê. Roberts het onderneem om op elke individuele aantyging te reageer. Ná herhaaldelike verdere navrae het Roberts onlangs versoek dat "dié teistering gestaak word" en aangedui dat hy *Die Burger* nie meer oor die aantygings te woord wil staan nie. Hy volstaan met die stelling dat "niks in enige van die aantygings kwalifiseer as 'plagiaat' . . . nie".

Sanders verskil hiermee: "Die 17 voorbeelde (wat Myburgh uitlig) is taamlik skokkend. Ek sal graag wil hoor hoe Roberts daarop antwoord.

"As 'n redakteur moet jy die skrywer vertrou, maar wat Roberts gedoen het, is luiheid, knip-en-plakwerk. Hy kon darem na die biblioteek gegaan en (die aanhalings) bevestig het.

"Dis iets wat skrywers sonder gevorderde akademiese opleiding geneig is om te doen. Roberts verstaan nie die rigiditeit van aanhaal nie. Dis 'n misdaad van onbevoegdheid.

"Die normale reaksie in sulke gevalle is dat die uitgewer en skrywer in 'n verklaring om verskoning vra, die boek van die rakke verwyder en 'n nuwe, gekorrigeerde uitgawe publiseer."

Die Burger het vroeër berig Roberts se uitgewer het die beplande herdruk van *Fit to Govern* gestaak totdat daar uitsluitsel oor Brink se aantygings is.

Fit to Govern is vroeër al in omstredenheid gedompel toe dit aan die lig gekom het dat Absa, ná die tussenkoms van Essop Pahad, minister in die presidensie, die boek met sowat R1,5 miljoen geborg het.

Aan *Die Burger* is intussen deur 'n betroubare bron, wat anoniem wou bly uit vrees vir negatiewe werkverwante reperkussies, bevestig dat Roberts ook geld van die Edcon-groep ontvang het in ruil vir CNA se eksklusiewe reg om die boek vir 'n ooreengekome tydperk te verkoop.

Volgens Brink is R500 000 betaal, maar Edcon wou dit nie bevestig nie en Roberts ontken dit.